SKIETTOETS VIR TOEGEWYDE JAGTER:
JAGHANDWAPEN

1. Die Rooibokteiken van die SAJWV sal gebruik word. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk)**.**

2. Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

3. Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

4. Enige senterslag kaliber jag handwapen kan gebruik word.

5. Enige tipe visier of teleskoop kan gebruik word.

6. Elke skut moet toegelaat word om eers sy handwapen in te stel voordat die skiettoets afgelê word.

7. Daar word geen tydsbeperking op die skiettoets geplaas nie. Die baanoffisiere het egter wel die reg om deelnemers aan te por indien hulle langer as 60 sekondes per skoot sou neem.

8. Vanaf **25m** word slegs **3 skote** op die groter hart/long/rugwerwel area **vanuit enige skietposisie** geskiet. Die skut mag enige rus gebruik om die handwapen te ondersteun.

9. Die doelwit is drie uit drie skote in die groter hart/long/rugwerwel area. Die resultaat word nie in punte aangedui nie maar slegs as "bevoeg" of "nog-nie–bevoeg" beoordeel.

10. Hierdie skiettoets dien slegs ter ondersteuning van die aansoek om Toegewyde Jagter status. Geen skietbalkies word uitgereik nie.

Teiken werklike grootte: W x H = 750 x 1000mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Hart:	96 x 102	76	--
V-hart:	57 dia	25	33 %
Sentrale hart/long:	173 x 177	272	350%
Groter long/rugwerwel:	235 x 226	512	670%

Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.